
# Hoe om met jou broers en susters oor die weg te kom

“Hou aan om mekaar te verdra en mekaar vryelik te vergewe as iemand rede tot klagte teen ’n ander het.”—Kolossense 3:13.

Dit is belangrik om te leer hoe om stryery op te los, en ’n goeie plek om dit te begin doen, is in jou eie gesin. Gebruik die vrae hieronder om ’n probleem wat jy met jou broer of suster het, te identifiseer, te analiseer en op te los.



## IDENTIFISEER DIE PROBLEEM

Met watter een van jou broers of susters vind jy dit die moeilikste om oor die weg te kom?

______________________________

Wat sal heel moontlik veroorsaak dat jy en hierdie broer of suster begin stry?

______________________________

Hoe verloop die stryery gewoonlik?

*My broer of suster sal . . .* (beskryf die optrede)

______________________________

*wat veroorsaak dat ek . . .* (beskryf jou reaksie)


______________________________

*wat lei tot . . .* (beskryf die gevolg)

______________________________



www.jw.org/af © 2016 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania



## ANALISEER DIE PROBLEEM

**DIE BYBEL SÊ:**
"Julle [moet] nie uit persoonlike belangstelling 'n oog op net julle eie sake hou nie, maar ook uit persoonlike belangstelling op dié van die ander" (Filippense 2:4). Hou dit in gedagte en probeer die probleem uit jou broer of suster se oogpunt sien.

Wat het jou broer of suster dalk gedink toe julle gestry het?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Wat sou jou broer of suster sê oor wat *jy* gedoen het as hy of sy die storie uit sy of haar oogpunt moes vertel?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Waarom dink jy dat jou broer of suster se beskouing geldig is?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

## LOS DIE PROBLEEM OP

Kan julle tot 'n ooreenkoms kom? Indien moontlik, wat sou jy voorstel?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Wat kan *jy* die volgende keer dat julle nie oor iets saamstem nie, anders doen sodat dit nie 'n groot stryery word nie?

________________________________________

________________________________________

________________________________________



www.jw.org/af © 2016 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania



Watter beginsels op die lys hieronder kan jy die volgende keer toepas wanneer julle weer dieselfde probleem het?

## LYS VAN BYBEL-BEGINSELS

- ☐ “Julle [moet] mekaar intens liefhê uit die hart.”—1 Petrus 1:22.
- ☐ “Laat julle redelikheid . . . bekend word.”—Filippense 4:5.
- ☐ “Moenie haastig wees in jou gees om aanstoot te neem nie, want om aanstoot te neem, is die kenmerk van ’n dwase persoon.” —Prediker 7:9, voetnoot in *NW.*
- ☐ “Die begin van twis is soos iemand wat waters loslaat; gaan dus weg voordat die rusie uitgebreek het.”—Spreuke 17:14.
- ☐ “Waar daar geen hout is nie, gaan die vuur dood, en waar daar geen lasteraar is nie, bedaar die twis.”—Spreuke 26:20.
- ☐ “Waarom kyk jy . . . na die strooihalm in jou broer se oog, maar let nie op die balk in jou eie oog nie?”—Matteus 7:3.

Laastens, skryf een ding neer wat jy omtrent jou broer of suster waardeer.

________________________________________


www.jw.org/af © 2016 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania

## WAT SOU *JY* DOEN?

**DIE BYBEL SÊ:**
"Daar is een wat onnadenkend praat soos met swaardsteke, maar die tong van die wyses is genesing."—Spreuke 12:18.

"My pa was vir 'n lang tyd in die hospitaal en dit was vir my moeilik om vir hom te gaan kuier omdat ek nie kon bestuur nie. Ek het vir my broer gesê dat ek my bestuurslisensie wou kry, maar hy het gesê dat hy nie die tyd het om my te leer bestuur nie. Selfs toe ek verduidelik het hoekom ek dit nodig het, het hy my geïgnoreer en gemaak asof dit nie belangrik is nie. Ek het my humeur verloor en vir my broer gesê dat hy nie omgee dat ek nie vir my pa kon gaan kuier nie en dat hy nooit aan my gevoelens dink nie. Dit het hom baie ontstel. Ons het op mekaar geskree en ons albei het gesê dat dit vir ons lyk of die ander een nie omgee nie."—Karina.

Hoe sou *jy* hierdie situasie opgelos het as jy Karina was?

______________________________

______________________________

______________________________

**WAT KARINA GEDOEN HET:** "Die volgende oggend het ek en my broer dinge uitgepraat. Hy het om verskoning gevra dat hy so kwaad geword het en hy het my vertel dat hy onder baie druk is. Ek het nie geweet dat daar soveel dinge was wat hy moes doen nie. Toe hy vir my gesê het hoe hy regtig voel, het ek om verskoning gevra dat ek ook nog iets van hom gevra het. Ek het nou wel goeie bedoelings gehad, maar dit was nie die regte tyd om daaroor te praat nie."




www.jw.org/af © 2016 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania